


# RATELS AAN DIE LOMBA

## Die Storie van Charlie-eskadron

Leopold Scholtz

PUB DATUM Julie 2017  
PRYS R230  
ISBN 9781868427505  
KATEGORIE Nie-fiksie

DRUKNAAM Jonathan Ball Uitgewers  
FORMAAT TPB  
E-ISBN 9781868427512  
WEBWERF [www.jonathanball.co.za](http://www.jonathanball.co.za)



Op 3 Oktober 1987 het Charlie-eskadron – die ystervuis van 61 Gemeganiseerde Bataljongroep – die kritieke geveg tussen die Suid-Afrikaanse Weermag en die Angolese magte op die Lombarivier in die suide van Angola gelei. Dié boek plaas die leser in die midde van die jong dienspligtiges wat na die Grensoorlog weggevoer is om hierdie geveg te gaan voer.

Langs die Lomba het hulle te staan gekom teen 'n Angolese mag met 'n getaloorwig en beter wapentuig. Boonop was die terrein so dig bebos dat hul sig en beweging aansienlik ingeperk is. Die SAW se taktiese doktrine het duidelik gestel dat tenks teen tenks aangewend moes word. Tog moes die dienspligtiges die Angolese tenks aanvat in pantservoertuie met minder kragtige kanonne en dun pantser wat nie veel meer as gewone geweervuur kon afweer nie.

Steeds is 47 Brigade van die Angolese magte amper uitgewis tydens die geveg aan die Lomba. Scholtz se beskrywing van hierdie David-teen-Goliath-geveg neem die leser na die hart van die aksie. Danksy onderhoude met veterane en dagboekinskrywings dra hierdie eerlike, intense hervertelling die volle drama van die geveg oor. Dit is ook 'n diep menslike verhaal oor hoe individue reageer in die aangesig van die dood en hoe die oorlog hulle nooit uit sy kloue gelaat het nie, selfs nadat hulle teruggekeer het.

### OOR DIE SKRYWER

DR. LEOPOLD SCHOLTZ is 'n oudjoernalis en die skrywer van sewe boeke, waaronder die gewilde *Die SAW in die Grensoorlog* (ook in Engels vertaal). Hy was tot 2007 adjunkredakteur van *Die Burger* en het daarna Media24 se Europese kantoor beman. Hy het in 2013 afgetree, maar skryf steeds gereeld analyses oor die internasionale politiek vir verskillende publikasies. Scholtz is in 1997 gerekruteer vir die Reserwemag van die SANW en het by verskeie hoofkwartiere as stafoffisier (kaptein) gedien.

Vir publiseitsnavrae kontak: Anje Niemandt  
[anje.niemandt@jonathanball.co.za](mailto:anje.niemandt@jonathanball.co.za) | 011 601 8107 | 071 893 6262



JonathanBallPublishers